SOLIDA® 250 WG

Registration Number L 8892, Act 36 of 1947

A water dispersible granular herbicide for post-emergent control of various annual weeds as listed in potatoes and tomatoes.	'n Water dispergeerbare korrel onkruiddoder vir die na-opkoms beheer van eenjarige onkruide soos gelys in aartappels en tamaties.

HERBICIDE GROUP CODE	**B**	**ONKRUIDGROEPKODE**

Active ingredient: **Aktiewe Bestanddeel**
Rimsulfuron (sulfonyl urea)..... 250 g/kg .....Rimsulfuron (sulfonielureum)

Net volume ..... ℓ .....Netto volume

Registered by / Geregistreer deur:
FMC Chemicals (Pty) Ltd
Post Box 44
Postnet Menlyn
Waterkloof Glen
0181

For any emergency or poisoning contact:
Griffon Poison Information Centre (24 hrs)
+27-(0)-82-446-8946

Batch Number		Lotnommer
Date of Manufacture		Vervaardigingsdatum

UN number/ VN nommer: 3077

Copyright © FMC, All rights reserved. ® is a trademark of FMC Corporation or an affiliate.

WAARSKUWINGS:

- Laat 30 dae toe tussen oes en laaste toediening van SOLIDA® .
- Irritering van oë, vel en slymvliese mag voorkom na oormatige blootstelling met die gevolg van algemene ongesteldheid.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Bêre in ‘n koel droë plek. Berg weg van voedsel en voer
- Wanneer langdurige nat, koue toestande heers kort na SOLIDA® toediening, kan 'n vergeling van die blare van plante, en in uiterste gevalle, tydelike verdwerging, voorkom. Besering is meer algemeen onder swak dreinering of gekompakteerde toestande of wanneer die grond vir lang periodes versadig is. Gewasse sal verdwerging vinnig ontgroei na gunstige groeitoestande terugkeer.
- Indien die aanbevole dosis oorskry word kan gewasskade voorkom.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Dra rubberhandskoene en gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word. Moenie die stof inasem nie. Indien dit **in oë** kom, spoel onmiddellik met lopende water vir ten minste 15 minute. Indien dit **op die vel** kom, was dit dadelik af. Indien dit **op klere** mors, trek uit en was dit.
- Terwyl bespuiting vermy kontak met of inaseming van die spuitnewel.
- Vermy spuitnewel op ander gewasse , weiding , riviere , damme en areas nie onder behandeling nie
- Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie .
- Maak toedieningsapparaat skoon soos volg;-
    1. Dreineer die spuittenk en dan spoel die tenk, spuitbalk en pype met skoon water uit. Vul en dreineer weer .
    2. Vul die tenk met skoon water en voeg huishoudelike ammoniak (bevat 3 % aktief) by die dosis van 1 ℓ vir elke 100 ℓ water. Dreineer weer heeltemal. Om ammoniak oorblyfsels te verwyder spoel die tenk met skoon water en spoel die spuitbalk en pype uit .
    3. Herhaal stap 2
    4. Spuitkoppe en filters moet verwyder word en apart skoongemaak word met 'n ammoniakoplossing van dieselfde konsentrasie soos hierbo
    5. Enige kontaminasie aan die buitekant van die spuittoerusting moet verwyder word deur dit met skoon water af te spoel.
- Moet nie spuit, leegmaak of toerusting uitspoel op of naby bome of plante of areas waar hul wortels mag wees nie.
- Vernietig leë houer en moet nie vir geen ander doel gebruik nie
- Trek klere uit en was na bespuiting

WEERSTANDSBESTUUR:

Wanneer onkruiddoders met dieselfde wyse van werking voortdurend oor verskeie seisoene gebruik word, is dit moontlik dat 'n seleksie van natuurlik weerstandbiedende onkruidspesies mag voorkom. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal vermeerder en ander spesies oorheers. ‘n Onkruidspesies is bestand teen 'n onkruiddoder as dit 'n korrek uitgevoerde behandeling teen die aanbevole dosis en tyd van toediening oorleef. As 'n onkruidspesie bestand is teen een sulfonielureum produk, kan verwag word dat dit weerstand teen alle sulfonielureum onkruiddoders sal toon.
Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag: Wissel af met produkte met 'n ander wyse van werking.
Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die verspreider of registrasiehouer van hierdie produk.

OPVOLGGEWASSE:

1. Aartappels & uitplant tamaties - mag onmiddellik geplant word ná 'n toediening
2. Mielies, tabak en direk gesaaide tamaties - mag nie binne 3 maande van 'n toediening geplant word nie
3. Alle ander gewasse - mag nie binne 12 maande van 'n toediening geplant word nie

'n toets aanplanting word aanbeveel.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

- SOLIDA® mag 'n kort nawerking op ontkiemende onkruide hê. Beheer mag deur faktore soos onkruidspesie , grond pH, grondvog en grondtemperatuur beïnvloed word.
- Die effektiwiteit van SOLIDA® sal nadelig beïnvloed word indien daar koel, droë toestande na toediening is.
- Gronde met buitengewoon hoë klei-inhoud , hoë katioon-uitruilvermoë (NOK) en buitengewoon hoë organiese materiaal kan ook effektiwiteit van SOLIDA® nadelig beïnvloed.
- Berei net genoeg spuitoplossing vir onmiddellike gebruik voor en onder geen omstandighede moet ongebruikte spuitmengsel oornag gehou word nie.
- Moenie SOLIDA® spuit op die gewas wanneer dit onder stremming is (stremming kan die gevolg wees van versuiptoestande, droogte, siekte, insekskade en mineraalelement tekorte, veral stikstof).
- Gebruik slegs water waarvan die kwaliteit geskik is vir oorhoofse besproeiing. Vermy water met 'n geleiding van meer as 1,0 mS / cm, 'n weerstand van minder as 300 ohm en pH hoër as 8 .
- Dit word nie aanbeveel dat SOLIDA® op aartappels gekweek vir saad sertifisering gebruik word nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

- Dien SOLIDA® toe na opkoms van die onkruid. SOLIDA® kan voor- of na opkoms van aartappels toegedien word. SOLIDA® kan enige tyd op oorgeplant tamaties toegedien word maar nie voor die 4-blaarstadium in die geval van direk gesaaide tamaties nie.
- Dien SOLIDA® toe tussen die 3-6 blaarstadium van die onkruide.
- SOLIDA® word hoofsaaklik deur die blare opgeneem en moet op jong aktief-groeiende onkruide toegedien word.
- Die **byvoeging van 'n benattingsmiddel is noodsaaklik** om die aktiwiteit van SOLIDA® onder alle toestande te verbeter . Verwys na die toedieningstabel vir spesifieke aanbevelings.
- Reën of besproeiing binne 3 uur van ‘n SOLIDA® toediening kan lei tot afname of verlies van aktiwiteit.

MENGINSTRUKSIES:

- Meng die aanbevele hoeveelheid SOLIDA® eers met 'n klein hoeveelheid water om 'n gladde, romerige mengsel te vorm.
- Half- vul die spuittenk met water.
- Voeg die gemengde mengsel in die tenk deur 'n sif. Maak die tenk tot die verlangde volume vol terwyl aanhoudend geroer word.
- Voeg die vereisde hoeveelheid benatter by die spuitmengsel en wag totdat dit deeglik gemeng is. Verseker dat die spuittenk tot op die korrekte vlak gevul word voor die aanvang van toediening.
- Verseker deeglike vermenging van die spuitmengsel ten alle tye.

TOEDIENING:

Dien toe deur middel van trekker gemonteerde balkspuit of rugsakspuit wat korrek gekalibreer is om ten minste 200ℓ spuitmengsel / ha teen 'n konstante spoed en druk (100-200 kPa) om ‘n eweredige toediening te lewer. Vermy oorvleueling van spuitbane en sluit die spuitpunte tydens aanskakeling, stadige beweging , draai en stop toe om oordossering te verhoed gedurende toediening.
Maak seker dat spuittoerusting ten volle operasioneel is en korrek gekalibreer is voor aanvang van die spuitprogram.

Gewas	Dosis
Aartappels en tamaties	90 g per ha + benatter: Break-Thru® by 0.5% of Armoblen 650 by 0,1-0,2 % of Agripon Super by 2-3 ℓ per ha.

Opmerkings

- Moet nie op direk gesaaide tamaties voor die 4 -blaar stadium spuit nie.
- Dien toe as 'n na-opkoms bespuiting op aktief-groeiende jong onkruide in die 3-6 blaarstadium.
- Behandel grasse voor die stoelstadium.

ONKRUIDE BEHEER:

Die volgende onkruide word normaalweg beheer deur 'n toediening van **SOLIDA®**

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM
breëblaaronkruide	
Amaranthus spp.	misbredie
Convolvulus arvensis	akkerwinde
Emex australis	Emex-dubbeltjie
Fumaria muralis	Gewone duiwekerwel
Raphanus raphanistrum	ramenas
Schkurhia pinnata	Kleinkakiebos
Sida rhombifolia	Pretoria sida
Spergula arvensis	sporrie
Stellaria media	Gewone sterremuur
Tribulus terrestris	Gewone dubbeltjie
Vicia sativa	Pers wieke
grasonkruide	
Avena fatua	Gewone wildehawer
Panicum maximum	Gewone buffelsgras
Panicum schinzii	vleibuffelsgras
Tragus berteronianus	kleinwortelsaadgras

Break-Thru® (L6764) is 'n geregistreerde handelsmerk van Goldschmidt Chemical Corporation
Armoblen 650 (L4159) is die geregistreerde handelsmerk van Akzo Chemie
Agripron Super (L3022) is die geregistreerde handelsmerk van BP S